*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Taal en bloed vorm die grondslag van die Ossewabrandwag se eenheidsbeleid en omsluit dus die hele volk.*

# Die O.B.

*'n Politieke program vorm die grondslag van 'n party se eenheidsbeleid en trek dus net 'n deel van die volk.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 13 JANUARIE 1943. No. 8.

# Ossewabrandwag se Beleid in Verkiesing

## EERTYDSE KOMMANDANT ERKEN MISLEIDING

### Vra Verlof om as Gewone Manskap Toe Te Tree

Ons plaas onderstaande brief volledig van 'n voormalige kommandant in die O.B. wat indertyd ook bedank het, maar tans sy fout erken, om aan te toon hoe die gebied van konstitusionele weg tot beter insigte kom. Die brief is gerig aan die huidige kommandant van Thaba 'Nchu, O.V.S.

,,Na goeie oorweging van die huidige toestand van ons volk en land in hierdie donker dae van oorlog, kan ek nie sien hoe ons politieke leiers hulle konstitusionele weg tot uitvoer kan bring vir 'n vrye onafhanklik Christelike republiek nie. Die Ossewabrandwag — die aksiefront — sal dit alleenlik kan bring vir ons volk, soos ek dit sien.

,,Wat ons bedanking as 'n kommando Brandwagte van Thaba 'Nchu tydens die krisis tussen dr. Van Rensburg en dr. Malan betref, **kom dit my voor dat die bekladding van dr. Van Rensburg deur dr. Malan, nl. (a) dat hy ons aan genl. Smuts sal oorlewer, en (b) dat ons die grootste verraad in dr. Van Rensburg sal sien, ens., dinge is wat by my stadig maar seker duidelik geword het as onwaarhede.** En dat dr. Van Rensburg dit waaragtig opreg bedoel met die Afrikanervolk, as aksiefront-leier en alleenlik 'n vrye onafhanklike Christelike Republiek nastrewe, netsoos die politieke leiers dit op die gebied van konstitusionele weg wil verkry, is my oortuiging. Vryheid langs konstitusionele weg is in hierdie krisisuur vir my onmoontlik verkrygbaar en dr. Malan kan as politieke partyleier, deur die politieke getwis van jare en die verdeeldheid van 40 jaar, nooit weer daarin slaag om die volk bymekaar te bring nie. As die eed van Monumentkoppie verbreek kan word, watter eenheid kan daar nog verwag word op politieke gebied?

**,,Kan ek dan anders, as feite my oortuig dat die Ossewabrandwag ons enigste heil kan uitwerk as 'n vrye volk, om openlik te erken dat ek my gewig opnuut by die Ossewabrandwag gaan ingooi met die vaste oortuiging dat die tyd nog baie van my ou manskappe sal oortuig dat ons nog altyd as Brandwagte reg was, en dat ons ook die leier van die Ossewabrandwag honderd persent kan vertrou en heelhartig kan ondersteun, want sy doel en sy strewe is vir die Afrikanervolk se toekoms.**

,,Ek vra: Sal daar weer 'n plekkie vir my in u geledere wees, om agter in te val met al my krag en ywer? Want alleen daarin sien ek my heil en dié van die Afrikanervolk!

Met afwagtende antwoord van

(Get.) M. G. FOURIE,
(gewese Brandwagkmdt.)

## Volksdemonstrasie deur Skepping van Anti-Empire- en Anti-Oorlogsfront

**Onderstaande belangrike beleidsverklaring waarin die Ossewabrandwag sy standpunt ten opsigte van 'n moontlike verkiesing uiteen sit en wat die grondslag vir 'n verstandhouding inhou, is uitgereik deur die Kommandant-generaal namens die Grootraad:**

1. Voortdurend word gevra, ook vansyde partypolitici, wat die houding van die Ossewabrandwag as magsfaktor met 'n verkiesing gaan wees. Sy houding is kortliks as volg:

2. Kabinetsministers, o.a. minister Reitz, het reeds verklaar dat die Smuts-regering hom nie sal steur aan die uitslag van 'n verkiesing nie, en die Empire het ook reeds elders getoon dat militêr-strategiese belange opweeg teen alle volks- en staatsregtelike beginsels.

3. **Nietemin kan 'n verkiesing die Afrikanerdom 'n geleentheid gee vir 'n volksdemonstrasie, deurdat die Afrikanerdom as geheel homself aan die klug van 'n liberale verkiesing onttrek en die Parlement as 'n orgaan van die Empirestelsel verwerp. Algehele samewerking is hiervoor nodig.** Indien dit nie verkry kan word nie, bly as alternatief oor dat die hele Afrikanerdom deur onderlinge samewerking tussen organisasies sy stem duidelik en verenigd teen die Empire en oorlog laat hoor. Met eendragtige optrede sal die stryd swaar wees; sonder eendrag is dit by voorbaat verlore.

4. Ingeval van laasgenoemde alternatief sê **die Ossewabrandwag dat hy onder sekere voorwaardes sy hele gewig en organisasie sal inwerp ter ondersteuning van die anti-oorlog en anti-empire-kandidaat dwarsdeur die land in elke kiesafdeling.**

5. In elke kiesafdeling waar die partyorganisasies van die Afrikanerdom ooreenkom om 'n onderling aanneemlike volkskandidaat te stel, sal sodanige kandidaat verseker wees van nie net die stem maar ook die organisatoriese steun van die Ossewabrandwag. **Al vanselfsprekende voorwaarde vir hierdie steun is dat die kandidaat sy vyand konsekwent in die Empire soek en nie in sy mede-republikeine nie.**

6. As blyk van goedertrou sit die Ossewabrandwag as organisasie sy skouer aan die wiel sonder om self kandidate te stel.

7. Ten aansien van die erns van die toestand wil die Ossewabrandwag 'n dringende beroep doen op elke Afrikaner om in geval van 'n verkiesing op hierdie grondslag die geledere te sluit en 'n verenigde stem te laat hoor.

Met die oog op die welslae van so 'n demonstrasie wil die Ossewabrandwag aan die betrokke politieke organisasies beklemtoon dat alleen volkskandidate wat aanneemlik vir **alle** republikeinse groepe is, daarin sal slaag om van so 'n verkiesing 'n oortuigende volksdemonstrasie te maak.

(Vervolg op voet van volgende kol.)

(Vervolg van vorige kol.)

(Get.) J. F. VAN RENSBURG,
K.G., namens Grootraad.
4 Januarie 1943.




## GENL. VAN DER MERWE OOR O.B. SE OOGMERKE

,,Ons moet met eweveel moed as ons voorgangers stry en verkry wat ons begeer, naamlik 'n Christelik-nasionale volkstaat wat ons met die Tweede Vryheidsoorlog nie op konstitusionele manier verloor het nie," het A.K.G. J. F. van der Merwe by geleentheid van 'n funksie op Bainsvlei gesê. ,,Dit was 'n wonder dat, na 80 jaar, in die tweede nedersetting aan die Kaap, 'n volk in aansien gekom het en daar toe al gepraat was van ,ons Afrikaners'," het hy voortgegaan, ,,direkte afstammelinge van Hollanders, Franse, Duitsers en ander Europese nedersetters aan die Kaap. Die bloed het saamgevloei deur ondertrouing en vermaagskapping en as gevolg daarvan dat hulle in geloof gemeenskaplik protestante was. Dit is daar waar ons volkstrots ontspruit het en waar die duidelike kleurskeidslyn begin het. Dit is daarom dat ons veg teen liberalisme want liberalisme is kleurblind."

Voorts het hy daarop gewys dat die O.B. ware volksverteenwoordiging nastreef soos in die republieke van Steyn en Kruger, en dat ons onder geen omstandighede dit in ruil sal neem vir die Brits-parlementêre partystelsel wat op ons afgeforseer is nie.

### GRONDBESIT

,,Soos 'n kind aan sy moeder kleef, so kleef die volk aan sy geboorteland. Nie net om sentimentele redes nie, maar ons is gedwing om ons grond lief te hê, die grond wat met soveel Boerebloed benat is. Dit is dus ons plig om ons vaderlandsbodem met versiende bewaring te behandel," het hy verder verklaar. ,,Dit is dus ons plig om die grond wat ons besit beter vir die nageslag na te laat."

In verband met godsdiens het A.K.G. Van der Merwe gesê dat ons onder die liberalistiese invloed geestelik begin ontaard het. Hy het daarop gewys hoe min huisgesinne saans nog boekevat.

Met die woorde: ,,Laat niks u in u opmars stuit nie, hou die heil van u volk voor oë, marsjeer flink na die bestemming op die tempo wat die volkspols moet aangee en kom seëvierende uit op 'n tweede Majuba," het hy ten slotte verklaar, onder luide toejuiging.—(Vrystaatse Kor.)

*'N PRAGTIGE KERSFEES-BESENDING*

**Dames-Hoede**

nou net uitgepak

*KOM MAAK U KEUSE!!*

*by*

**Steyns**

**PAROW**

DIE SKIEREILANDSE MODERNE AFRIKAANSE DAMES-MODISTE.

**Schoemanello-Drank . . . . .**

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 2/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER** | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIQEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenewer, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B, plus treingeld na sylyne, K.B.A, plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN**

Posbus 142. Oudtshoorn.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# *Uit die Skuim wat 'n Onbeheerde Pers Opskop Verrys die Parlementêre Figure*

**Onderstaande oordeel oor die liberalisties-demokratiese pers en sy geweldige mag neem ons oor soos dit opgeneem is in 'n omsendbrief van die Vrystaatse A.K.G., genl. J. F. van der Merwe:**

Op godsdienstige gebied hang 'n persoon dié of daardie kerkleer aan hoofsaaklik as gevolg van sy opvoeding, terwyl die hunkering na godsdiens in die siel self sluimer. Op dieselfde wyse is die politieke menings van die massa die gevolg van invloede wat op hulle gevoel en verstand uitgeoefen word deur middel van 'n metode wat soms met byna ongelooflike deeglikheid en volharding toegepas word.

Die doeltreffendste vertakking van hierdie politieke ,,opvoeding'' wat veel beter as ,,propaganda'' bestempel kan word, is die pers. Dit is die hoofwapen van die politici, en dit neem die plek in van 'n soort skool vir volwassenes. Hierdie opvoedkundige bedrywigheid is egter nie in die hande van die staat nie, maar in besit van magte wat deels van 'n baie minderwaardige gehalte is. Dit is verbasend om te sien hoe gou hierdie gevaarlike en magtige invloed daarin kan slaag om 'n sekere mening of opvatting by die publiek te laat posvat. Dikwels word die ware oortuigings en begeertes van die publiek deur die pers heeltemal verkeerd voorgestel. **Dit neem die pers slegs 'n paar dae om 'n verspotte en nietige sakie op te sweep tot 'n kwessie van sogenaamde nasionale belang. Aan die anderkant ignoreer die pers weer lewensbelangrike probleme en word sulke sake van die openbare aandag weggehou — net soos dit in die kraam van die partypolitici mag pas.**

Die pers slaag daarin om 'n man te maak of te breek. So produseer die pers manne uit die onbekende binne 'n paar weke, veral met eleksietye en word die publiek wysgemaak dat die hoop en verwagting van die volk van daardie manne afhang. En so word daardie manne baie gou meer gewild en bekend as wat enige man met ware bekwaamheid in sy hele lewe kan word. **Terselfdertyd word figure wat op staatkundige, opvoedkundige en ander terreine van die lewe reeds as gebore leiers na vore begin tree het, deur die pers uit die openbare lewe gevee asof hulle nooit bestaan het nie.** En binnekort is hulle deur die publiek vergeet asof hulle dood is, hoewel hulle nog in volle besit van al hul liggaamlike en geesteskragte mag wees.

In ander gevalle word sulke persone weer op so 'n gemene wyse deur die pers beklad dat dit lyk asof hul name baie gou bekend sal staan as blywende simbole van die allergrootste laagheid. Die gewetenlose persone wat die pers beheer en die openbare mening vorm, sal gebruik maak van enigiets, hoe vuil ook al, om hul doel te bereik.

Hulle sal hul neuse gaan steek in die intiemste familiesake en sal nie rus nie voordat hulle 'n nietige dingetjie uitgekrap het waardeur die reputasie van hul slagoffer vernietig kan word. Maar as hulle selfs na al hierdie gesnuffel niks verkeerds kan vind in die openbare of private lewe van die slagoffer nie, **hou hulle aan om skeldtaal teen hom te slinger in die vertroue dat sommige van hul ongegronde beskuldigings en aantygings by die publiek mag posvat, selfs al word dit 'n duisendmaal weerlê.** In die meeste gevalle is dit uiteindelik onmoontlik vir die slagoffer om met sy verdediging aan te hou, want die aanklaer werk saam met soveel medepligtiges dat sy kwaadpratery en skinderpraatjies oneindig veel weerklanke vind.

Hierdie lasteraars sal egter nooit erken wat die ware motiewe van hul optrede is nie. O, nee. Die skurk wat anders op hierdie skandalige wyse onteer en ruïneer, sal homself kroon met 'n stralekrans van heldhaftige onkreukbaarheid wat uiting vind in vroom praatjies en kaf omtrent sy ,,pligte as joernalis'' en ander oneerlike geklets van hierdie aard.

**Dit is die skepsels wat meer as tweederdes van die sogenaamde openbare mening vorm, en uit hierdie skuim wat deur die pers opgeskop word verrys dan uiteindelik die parlementêre figure.**

116 Takke 41,000 Lede **AVBOB** Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**VOLKSKAS**

verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge)

**29**

Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie.

***Fondse oorskry £2,715,000***

Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore.

Die Volk se Bank.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**

(Opgerig kragtens die Koöp. Wet)

**MEUBELS**

**PRYSE STYG VINNIG.**

***KOOP NOU!***

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**

**Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.**

Posbus 210. Foon 2-6806.

**W. VOIGT BPK., HUGENOOT.**

*Fabrikante van . . .*

*Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.*

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

**DE KOCKS se GARAGE**

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

***TOT U DIENS!***

**V.M.K. AANBEVEEL.**

**Vir 'n Suksesvolle Loopbaan**

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.**

**Pos die Koepon nog vandag . . vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ..........................

Naam..........................

Adres..........................

(O.B. 13 Jan. 1943)..........................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG**

Posbus 3512 Foon 22-3512

**O.B.-Skryfblokke**

Blou met bypassende Koeverte

2/6 posvry.

Bestel by:

***O.B.-Hoofkantoor, Kaapland***

**Kamer 916,**

**Groote Kerkgebou — KAAPSTAD.**

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

*Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag*

*Gebruik*

LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP — DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

*'n LEVER Produk*

MARKAGENTSKAP

Vroee Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.,

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU ! !

O.B.-HOOFKWARTIER

Posbus 8576, JOHANNESBURG.

Die

MODERNE KLEREMAKERS

(Die Afrikaanse Firma)

VIR 'N BUITENGEWOON DEFTIGE EN GERIEFLIKE DAMES KOSTUUM OF MANS PAK KLERE, PROBEER ONS EERSTE. DIT IS NOU TYD OM TE LAAT MAAK, DAAR MATERIAAL DAAGLIKS SKAARSER WORD

Skryf om monsters en maatvorms.

GROOTE KERKGEBOU 306

3de Verdieping KAAPSTAD

# *In Gesagstaat Regeer die Leier Met Liefde Oor Sy Volk*

(Vervolg.)

**In ons vorige uitgawe het ons 'n verduideliking gegee van die benaming Republiek as ons van vryheid praat. Laat ons hierdie keer kortliks stilstaan by die term Gesagstaat wat dikwels gebruik word.**

Een van die Afrikaanse dagblaaie het onlangs 'n hoofartikel aan dieselfde onderwerp gewy, maar nie daarin geslaag om die term se nuwe betekenis te verduidelik nie. Volgens die betrokke blad is alle state maar gesagstate met die enigste verskil dat sommige minder en ander 'n groter mate van gesag het. So 'n verduideliking openbaar 'n ernstige gebrek aan begrip van die nuwe nasionale ontwaking dwarsdeur die wêreld, want die staat wat die Ossewabrandwag gaan bring verskil nie maar net in **graad** van die demokratiese staat nie, maar hy verskil in **wese.**

In enige samelewingskring moet daar 'n mate van orde heers omdat die mens met sy sondige neigings, b.v. van selfsug en hebsug, die verhoudinge tussen mens en mens dikwels versteur. Die orde moet deur iets gehandhaaf word. Die Britse pers praat graag van die ,,openbare mening'' wat dien as polisieman wat moet waak teen wanordelikhede.

## LIBERALISTIESE STANDPUNT

Dit is die liberalistiese standpunt, wat so min inmenging as montlik in die sogenaamde vryhede van die enkeling duld. Alle kwaad moet uit die wêreld geweer word deur middel van die kweking van 'n sterk openbare mening. As iemand iets verkeerd doen, is dit eintlik nie sy skuld nie, maar die openbare mening se skuld wat nie sterk genoeg ontwikkel is nie. **Hierdie houding is die standpunt van die tipiese demokratiese staat. Alles moet maar sy gang gaan en as die swakkere ondergaan in die stryd, dan is dit ,,hard-lines'', want hy het dieselfde vryheid gehad om iemand anders onder te sit, en kan dus nie verwyt nie.**

Maar die orde kan ook gereël word deur middel an een of ander **dwang.** Hierdie dwang kan tweërlei van aard wees: dit kan blote **mag** wees wat beveel en straf, of dit kan **gesag** wees wat lei en vermaan. Mag kry ons daar waar jy te doen het met 'n versameling mense van allerlei aard wat nie gebind is deur 'n band van liefde of trou nie, maar slegs deur die feit dat hulle saamgehok is binne dieselfde grense. Dit sal nie hier help om 'n beroep op 'n onwillige te doen om terwille van die liefde vir sy naaste hom te gedra nie. Hy sal dit nie verstaan nie, want hy het nie die liefde nie. Gesag kry ons daar waar liefde en 'n saamhorigheidsgevoel heers. Mag berus op die grondslag van vrees, terwyl gesag op die grondslag van liefde en agting berus.

## DEMOKRASIE

In die demokratiese staat het die volk bestaan uit die versameling enkelinge binne 'n sekere landstreek. Vir die demokrasie was dit heeltemal moontlik om die een dag by 'n vredestafel Europa te verdeel in vyf ewe groot state en by 'n volgende vrede in twaalf of twintig state, **want die demokrasie het nie gekyk na die taal en bloed van 'n volk nie, maar hy het net koppe getel.** 'n Jood, 'n Engelsman, 'n Fransman en 'n naturel kan vir die demokrasie burgers van dieselfde staat wees. **Dit is dus duidelik dat daar in die demokrasie net mag kan heers om die orde te reël insover ,,die openbare mening'' dit nie kan doen nie.** Om hierdie rede probeer die demokrasie nie eintlik misdaad voorkom deur buitengewone behandeling en bearbeiding van misdadigers nie, maar hy stop 'n man eenvoudig in die tronk of hy daar nou al gaan versleg of nie. **'n Demokratiese staat kan in sekere gevalle ontaard tot die uiterste tirannie of diktatuur, by voorbeeld Rusland en Suid-Afrika van vandag. In Rusland is miljoene Russe deur hul eie bewind vermoor en in Suid-Afrika word honderde Afrikaners vandag in tronke en kampe soos regteloses vervolg en vertrap. Daar heers geen liefde en gesag nie, maar blote mag.**

In die staat wat die Ossewabrandwag gaan bring, sal die volk regeer deur middel van sy volksleiers. Hier het ons te doen nie met 'n versameling stemgeregtigdes uit alle rasse en kleure nie, **maar met een organiese volk gebind deur een taal en een bloed. Hier regeer die liefde, want die volksleier is die man wat sy volk lief het en daarom word hy as leier erken en aanvaar. Die volksleier word in die volkstaat met gesag beklee om te regeer soos 'n vader, en daarom is die volkstaat ook terselfdertyd 'n gesagstaat.**

Volgende keer iets meer oor die gesag.

## PENKOPPE STEL WEER DIE VOORBEELD

Teen die einde van verlede jaar was dit weereens die Penkoppe wat getoon het dat die Boerebloed suiwer in hul are stroom. Van verskeie kante is berig ontvang van hul offervaardigheid in belang van hul mede-volksgenote wat in nood verkeer. Dit is die regte Ossewabrandwaggees wat nie net in woorde sê ,,ek is my broer se wagter'' nie, maar dit ook met sy dade toon.

,,Die Eiland'', George, het vir die Kersfeesfonds in belang van kindertjies wie se vaders geïnterneer is, die bedrag van £5-1-3 gestuur, en die kommandant skryf in verband daarmee: ,,Die bedrag kon alleenlik tot daardie mate styg omdat dit die ywerige penkopseuns en -dogters was wat gekom het met hul sjielings, sikspense en trippense. Die wyse waarop hulle hul bydraes gebring het, was navolgingswaardig.''

Van Moorreesburg se Penkoppe het ons 15/- ontvang as 'n Kersoffer wat deur hulle ingesamel is. Daarby kom nog 3/- wat die bedrag is wat 'n klein dogtertjie van vyf jaar ontvang het om vir haar lekkergoed te koop, maar dit toe bymekaar gemaak het vir die fonds. Verder het 'n boetie en twee sussies elk 2/6 van hul spaargeldjies vir die doel afgestaan.

Twee sustertjies, Sophie en Hester Loubser van Porterville het 2/6 gestuur wat hulle bymekaar gemaak het deur 'n teepartytjie te hou waarheen hulle vriendinnetjies uitgenooi het teen betaling van 'n trippens.

Dan is ook nog £2-8-9 van die Jeugfrontdogters van Malmesbury ontvang. Hulle het elk 'n trippens gekry om mee te woeker. Die bedrag wat hulle ontvang het was 8/- sodat hulle 'n wins van £2-0-9 deur hul ywer opgebring het.

Die Ossewabrandwag het alle rede om baie trots te wees op die pragtige gees van sy Penkoppe.

# O.B. BIED GRONDSLAG VIR SAMEWERKING

## Prof. Stoker oor Oorsaak van Broedertwis

Kort voor sy plotselinge en onverwagte internering het prof. dr. H. G. Stoker van Potchefstroom en ook 'n hoofkommandant in die Ossewabrandwag, in 'n artikel in die tweemaandelikse tydskrif ,,Koers'' sy persoonlike oordeel oor die botsing tussen die Ossewabrandwag en die H.N.P. gegee, waarin hy onder meer as volg verklaar:

,,Die grondfout van die stryd lê m.i. by die H.N.P. wat hom nie deur die gees van sy beginsels laat lei het nie, maar sy liberalistiese (deur ons parlementswese bepaalde) struktuur laat oorheers het, op grond waarvan dit in ander mede-republikeine konkurrente moet sien.''

,,Van H.N.P. se kant was die enigste oplossing die erkenning dat in ons toekomsstaat die partywese geheel omgevorm en wat sy struktuur betref, van alle liberalisme gesuiwer sal wees, dat die oorgang van die een na die ander toestand nou reeds plaasvind, dat dit op gelyke voet met ander volksorganisasies nou moes saamwerk, sonder prioriteit (voorrang) te eis en slegs formeel in die parlement sy identiteit moes bly behou, omdat solank ons parlementswese bly bestaan, die H.N.P. aldaar nodig is. **Deur dat die H.N.P. nie groot genoeg was om dit aan te durf nie en sy liberalisties bepaalde struktuur met sy eis van prioriteit sy gees laat oorheers het, moes die volkstwis kom, al was wie ook al leiers van die onderskeie organisasies.** Die gevolg is dat die H.N.P.-republikeine in die O.B., in die A.P. en in die Nuwe-Ordegroep van hom vervreem en daardeur nòg in prinsipe nòg in praktyk volkseenheid kan verwesenlik.''

## WARE EENHEID

Die skrywer spreek dit dan as sy mening uit dat die O.B. miskien uiteindelik sterker sou gestaan het indien hy nie op die aanvalle van die Party gereageer het nie, al sou hy aanvanklik meer lede verloor het. Hy vervolg dan: **,,Maar die O.B. heet alle Chrstelik-nasionale republikeine welkom, en bied daardeur in prinsipe en praktyk die moontlikheid om as basis van volkseenheid te dien.** Die sogenaamde gevaar van die O.B. se Nasionaal-sosialisme ('n woord wat in die huidige spraakverwarring ten minste ses betekenisse het!) word weerlê daardeur dat die Grootraad die beleid bepaal, dat hy gewillig was om die Eenheidskomitee se republikeinse konstitusie te aanvaar, dat hy as hoofstudieleier en beleidsadviseur prof. L. J. du Plessis aangestel het en dat die O.B. met ander organisasies kan saamwerk omdat sy struktuur nie liberalisties bepaal is en ander as konkurrente laat opvat nie. **Waar die O.B. juis van die samewerkingsprinsipe tussen alle republikeine uitgaan en nie van die liberalistiese leer van skeiding van terreine, soos die H.N.P. doen met sy eis dat die H.N.P. alleen politiek mag drywe en die O.B. slegs kultuurorganisasie of Party-aksiefront moet wees nie, bied die O.B. juis aan die Calvinis beter geleentheid om die samehangsprinsipes grondiger uit te werk en uit te bou as die H.N.P. . . .**

,,Solank die H.N.P. sy beleid deur sy liberalistiese struktuur laat bepaal, sal die republikeinse Afrikanerdom geskeur bly, tensy nuwe verwikkelings deur die gang van die oorlog bepaal, alle mede-republikeine dwing om saam te staan, in watter geval die vraag van die H.N.P.-prioriteit vanself bysaak word.''

DIE O.B., WOENSDAG, 13 JAN. 1943

# Aanneemlik Vir Almal

Op bladsy een van hierdie uitgawe verskyn 'n verklaring van die Kommandant-generaal namens die Grootraad in verband met die Ossewabrandwag se houding in 'n moontlike verkiesing wat van die uiterste belang in die huidige krisis is. Die voorstel wat daarin vervat is, is so aanneemlik en daarby so redelik dat dit deur die hele volk verwelkom sal word. Slegs hy wat sy persoonlike of groepbelange bo dié van die volk stel, sal daarmee kan foutvind.

Ons het reeds herhaaldelik daarop gewys dat die huidige bewind hom nie meer aan die gewone wette van die land steur nie, maar as wettig beskou wat in belang van die oorlog is, en as onwettig wat met die belange van die oorlog bots. Kol. Reitz het enige maande gelede in sy hoedanigheid as Adjunk-premier die kat uit die sak laat glip toe hy onomwonde verklaar het dat die Regering hom nie aan die uitslag van 'n verkiesing sal steur nie, maar die oorlog sal voortsit ongeag wat die uitslag mag wees.

**In die lig van hierdie openbaring moet dit dus vir elkeen duidelik wees dat 'n verkiesing nie meer 'n verandering van bewind teweeg kan bring nie, dog slegs kan dien as uitspraak oor die beleid van die bestaande bewind.** As daarby in ag geneem word hoe die Geallieerde oorlogsvoering daarop uit is om alle strátegies-belangrike punte dwarsdeur die wêreld in stryd met alle volkeregtelike beginsels in te palm soos by voorbeeld in Noord- en Wes-Afrika, is dit ondenkbaar dat Engeland of Amerika sal toelaat dat die enigste verbinding met die Ooste om die Kaap in gevaar gestel sal word deur 'n onsydige Afrikaanse regering. **Dus, selfs al sou die Smutsbewind bereid wees om voor 'n verkiesingsnederlaag te swig, sal Engeland en Amerika met geweld voorkom dat die bewind in ander hande oorgaan. Met Suid-Afrika sal dan gebeur wat met Ysland, Noord-Afrika, Wes-Afrika en Madagaskar gebeur het.**

In die lig van hierdie harde feite is dit kinderagtig om te meen dat 'n verkiesing ons ons vryheid sal bring. Al wat die Afrikanervolk te doen staan in so 'n geval, is om dit te baat te neem as 'n geleentheid om sy afkeur in die huidige bewind en oorlogsbeleid te demonstreer. En dit kan hy op twee maniere doen. **Die een is dat die volk as geheel die verkiesing ignoreer en daardeur aan die wêreld toon dat hy niks te doen wil hê met die demokratiese gehuigel van die huidige kapitalistiese diktatuur nie.** Daardeur sal ons van ons kant geen skyn van konstitusionele reg aan die diktatoriale dade van die Smutsbewind verleen nie. Dit is o.i. die aangewese weg, maar om so 'n demonstrasie van lydelike verset te laat slaag, is die samewerking van alle groepe en Afrikaners 'n vereiste. As een organisasie onwillig is en op eie houtjie kandidate gaan stel, verloor so 'n optrede alle betekenis.

Indien die een of ander party dus onwillig is om aan so 'n optrede deel te hê, bly die tweede weg oop om te demonstreer, naamlik dat die hele Afrikanerdom soos een man gaan stem. Deur so 'n verenigde stem te laat hoor, sal die huidige bewind nie langer kan spog dat hy die goedkeuring van die volk wegdra nie, en sal die hele wêreld weet dat die Afrikanerdom teen die oorlog gekant is. Maar ook hierdie metode van volksdemonstrasie vereis 'n volstrekte eensgesinde optrede van alle groepe van Afrikaners. **Die verantwoordelikheid rus dus by die betrokke politieke organisasies om in elke kiesafdeling daardie kandidaat te benoem wat die ondersteuning van alle republikeinsgesinde groepe sal trek.** Die party of organisasie wat iemand as kandidaat stel terwille van persoonlike oorwegings, moet vooraf weet dat hy dit doen teen die belange van die Afrikanervolk. **Nie alleen sal so 'n groepskandidaat weens gebrek aan steun van ander Afrikaanse groepe nie in staat wees om sy persoonlike doel te bereik nie, maar hy sal daardeur die volk dwarsboom in sy demonstrasie en sy eie volk belaglik maak in die oë van die hele wêreld. Dit is dus duidelik dat geen groepskandidate in so 'n geval gestel mag word nie, dog slegs ware volkskandidate wat die ondersteuning van alle republikeinse groepe kan erlang.**

Die Kommandant-generaal verklaar duidelik dat die Ossewabrandwag van sy kant geen kandidate sal stel nie. Dit is 'n plegtige versekering wat alle vooroordeel en agterdog uit die weg behoort te ruim. Maar die Ossewabrandwag is bereid om nog meer te doen . Hy sal nie alleen sy lede **aanraai** om te gaan stem vir sulke volkskandidate nie, **maar hy sal sy organisasie tot beskikking stel van dergelike kandidate. Die Ossewabrandwag sal dus self aktief deelneem om die kandidate van die volk 'n oorwinning te besorg.** Dit is 'n daad van grootmoedigheid en onbaatsugtigheid wat toon dat die Ossewabrandwag groot genoeg is om die algemene volksbelang bo sy eie belange te stel. Slegs een voorwaarde word deur hom gestel en dit is dat so 'n kandidaat waarlik 'n **volkskandidaat** sal wees wat al sy aandag en kragte bestee om die Empire te beveg en nie sy mede-republikeine nie.

Waar die Ossewabrandwag bereid is om van sy kant soveel steun te verleen aan kandidate wat nie homself verteenwoordig nie en wat nie eers deur homself benoem word nie, is die minste wat van die verantwoordelike politieke organisasies verwag kan word dat hulle sulke aanneemlike kandidate sal stel dat die hele volk hulle as volkskandidate sal kan aanvaar.

Die Ossewabrandwag het met hierdie daad duidelike leiding gegee en dit is nou vir die ander politieke organisasies om die hand van samewerking aan te bied.

---

# Die Agtergrond van 'n Donker Toekoms

Dit is ongetwyfeld met beangste gemoed dat die volk die onlangse naturelle-onluste op verskeie plekke verneem het, miskien nie soseer weens die onmiddellike gevolge wat sulke onluste kan hê nie, maar weens die besef van magteloosheid om sulke gevaarlike uitbarstings te voorkom in die huidige omstandighede. Ons land is naamlik oorgelewer aan 'n bewind wat dit as 'n prestasie beskou wanneer hy 'n toestand kan laat ontstaan wat daarop aandui dat daar vir die Britse oorlog offers gebring word. Met sy klein bevolking vergeleke met die groot mensemassas wat die Sowjet, Amerika en die Britse gebiede elders in belang van die oorlog kan inspan, lyk die bydrae van Suid-Afrika tot die oorlogspoging so nietig in die oë van die man wat graag lofbetuigings in Londen, Washington en „amper sê ek Moskou''' wil inoes. In vergelyking met die groot verliese van die Sowjet in mannekrag en die Geallieerdes in skeepstonnemaat, lyk die verliese van maar 'n enkele divisie by Tobruk tog so gering in die oë van 'n man wat homself te groot ag vir sy eie vaderland. In vergelyking met die sware beproewing wat die Britse volk onder die Duitse Luftwaffe verduur het, lyk die tientalle ongevalle in Suid-Afrika se verdonkerde stede tog so gering in die oë van die man wat so graag bekend wil staan as die redder van die Christelike beskawing, en in vergelyking met die Britse oorlogsuitgawe van £14 miljoen per dag, lyk die Unie se £1½ miljoen per dag tog so onbenullig. **In die oë van hierdie groot gees wat die septer oor Suid-Afrika swaai, is die afwesigheid van lyding en beroering slegs die teken dat ons nog nie ons volle „bit'' tot die wêreldpoging bydra nie,** en vir 'n man wat met sy holistiese gees net in terme van groot dinge reken, lyk sulke „voorvalletjies'' soos naturelle-onluste nie net uiters onbenullig nie, maar vir hom en sy indoenas van 'n buitelandse grootheid kan sulke „insidente'' darem dien as middel om 'n volkie wat weens sy verwyderdheid van die Europese slagtonele die nodige oorlogstemming ontbeer, onder die indruk te bring van die erns van die toestand.

Dit is in kort die agtergrond waarteen hierdie dinge hulle afspeel: 'n regering wat te „groot'' is vir sy volk en 'n volkie wat te klein is vir sy taak in 'n wêreldworsteling. **Wanneer hierdie Regering dus toelaat dat sy kommunistiese bondgenote die naturellemassa tot 'n borrelende vulkaan opkook, dan doen hy dit omdat hy te besig is met die dinge van die grote wêreld daarbuite wat ons ou volkie se enigste betekenis daarin sien dat hy deur 'n „groot man'' regeer word. As 'n kommunisties vergiftigde naturellebevolking die blanke toekoms in Suid-Afrika .onmoontlik maak, dan steur hierdie Regering met sy vreemde lojaliteit hom nie aan so 'n „insidentjie'' binne die wêreldruim nie solank die voortbestaan van daardie groter dinge waarvan Suid-Afrka maar 'n onbenullige onderdeeltjie van 'n onderdeel uitmaak, gered kan word.** Solank daar vliegtuie en brandstof beskikbaar is, maak dit nie saak vanwaar 'n oor-

(Vervolg in kolom 2)

(Vervolg van kol. 4)

log gevoer of 'n uitbuiting in vredestyd geskied nie, want 'n Brit bly 'n Brit ongeag op watter bodem sy voete rus en 'n kapitalis bly 'n kapitalis ongeag of sy rykdom in dollar of in sterling bereken word. Dit is aan hierdie wêreldburgers wat die veiligheid van Suid-Afrika toevertrou is, en as Suid-Afrika nie meer daar is nie, nou wel, die wye wêreld is nog daar!

**En hierdie tragiese toestand het ons te danke aan die demokratiese parlementêre stelsel wat 'n uitlandse vyfdekolonne in staat stel om sonder stamp of stoot die bewind oor 'n volk te bemagtig.** Waar die onheil van 'n swartbedreiging gaan eindig, sal selfs die kommissie van ondersoek wat ewe plegtig benoem is om die gemoedere te salf, ook nie kan meedeel nie. Die blote feit dat so 'n kommissie aangestel word om ondersoek in te stel na 'n gebeurtenis wat elkeen wat die kommunistiese bedrywigheid gevolg het, reeds 'n jaar gelede sou kon voorspel, is bewys genoeg dat hierdie oorlogsbewind geen voorneme het om in verband met die saak te „regeer'' nie, want binne die geseënde chaos van die demokrasie „regeer'' 'n bewind voortdurend met kommissies van ondersoek waar hy om redes van taktiek of magteloosheid onwillig of nie by magte is om te regeer nie. Dit is die demokratiese metode om voor 'n situasie te ventersdorp.

Aan hierdie toestand sal slegs 'n einde kom die dag wanneer die gesagstaat van die Boerevolk op die puinhope van die demokrasie verrys.


VERKOPING VAN

**Eersteklas Huisraad, Vragmotors en Losgoed.**

Die ondergetekendes, gelas deur Mnr. A. J. THERON, eienaar van die Eureka Losieshuis, Gansbaai, wat hom elders gaan vestig, sal publiek verkoop, op

**WOENSDAG, 20 JANUARIE 1943 om 10 uur v.m., op GANSBAAI**

by die **Eureka Losieshuis:**

1. Groot hoeveelheid Huisraad bestaande uit: 12 Enkel en Dubbel Slaapkamerameublemente (feitlik nuut) bevattende Spieëlkaste, Spieëltafels, Wastafels, enkel en dubbel beddens, alles in Akkerhout; 12 Toiletstelle (porselein kom en bekers, ens.), 16 Klapperhaarmatrasse (enkel en dubbel), Kinderkatel (Cot), 2 Bed Settees, Sofa, 4 Stoepbanke, 5 Eetkamertafels, 12 Kleintafels, 30 Stoele, Stel grasstoele met tafel.
2. Groot hoeveelheid Komberse, Lakens, Veerkussens, Dekens, Tafeldoeke, Servette, Tapyte, Linoleums, Gordyne, Damaslakens, ens., ens.
3. Groot hoeveelheid Breekgoed, Tafelgereedskap en Kombuisgereedskap.
4. Verskeidenheid Miller-lampe, Gloria-lampe, Primus- en Optimus-lampe, 'n Stel Gloria-ligte met tenk kompleet. Prente met Rame, ens.
5. Eersteklas Electrolux Koelkas middelmatige grootte, Toonbanke, Rakke, 2 Show Cases, Skaal en gewigte, Lekkergoed-potte, 1 Erla Draadloostoestel met windlaaier, 1 Eersteklas Speed Queen Wasmasjien en nog baie goed te veel om te noem.

LOSGOED

6. 1 Eersteklas 1½ ton V8 Vragmotor 1939-model met nuut opgeboude Passasierskap met 7 by 12 voet banke. 1 Eersteklas 2 ton International Vragmotor met Passasierskap kompleet. 1 Sinkgebou kompleet, bevattende hout en 25 8-voet plate. 2 Glasrame van 6 by 11 voet, 2 plank afskortings 9 by 9 voet. 2 Glasrame van 4½ by 8 voet, 2 plank afskortings 7 by 8½ voet, en wat nog meer aangebied sal word.

**ONTHOU WOENSDAG, 20 JANUARIE 1943**
**om 10 uur v.m., op GANSBAAI**

Vendukantoor,
STANFORD.

SWART & ROUX,
Afslaers.



**SLUIT NOU AAN BY DIE V.M.K.**

DIE AFRIKANER SE EIE MOTORVERENIGING.

V.M.K. Klubbediening Sluit die volgende in:

Gratis sleepdiens. Goedkoper motorversekering, gratis regsadvies. V.M.K. aanbevole garages, hotelle, losieshuise en kafees waar gasvryheid en billike Afrikanerbediening u inwag. Snelle afleweringsdiens. Padverslae, Pad- en roetekaarte. 'n Unieke motorkenteken.

Volle Besonderhede van:—

DIE HOOFBESTUURDER, Bus 2043, Kaapstad.
DIE TAKSBESTUURDER, Bus 1093, Johannesburg.
DIE TAKBESTUURDER, Bus 383, Bloemfontein.

# 8 Augustus Word Weer Gevier:

## Wenke van Kaaplandse V.A.R.

**Onderstaande oproep met wenke vir 8 Augustus word gedoen deur die Kaaplandse Vroue-adjunkraad:**

**Soos in 1942 vir die eerste keer sal die Ossewabrandwag weer in 1943 8 Augustus vier as 'n dag wat ons wy aan die O.B. as organisasie, sy herkoms, hede en toekoms en aan die insameling van fondse ter verwesenliking van die ideale van daardie toekoms.**

Omdat die dag op 'n Sondag val, sal elke vrou van die O.B. aantree en die erediens wat in haar gemeente gehou word, bywoon. Tweedens sal die kulminasie van die insameling van fondse reeds beëindig word op Saterdag, 7 Augustus. Op hierdie dag sal die O.B.-kommando's soos vanjaar weer 'n gesamentlike poging aanwend om saam te trek en geld in te samel.

Die dagbestuur van die V.A.R. doen die volgende aan die hand wat die goedkeuring van die A.K.G., genl. J. A. Smith, wegdra:

1. Elke V.A.R.-lid woeker totdat sy genoeg halfkrone besit om aan elke Asst.-hoofkommandante van haar 'n halfkroon te gee om weer op haar beurt daarmee te woeker en uit te deel van die een rang tot die ander rang totdat elke vrou op 7 Augustus in besit is van 'n halfkroon om in die kas te stort vir die organisasie-fonds.

2. Elke V.A.R.-lid kry opdrag om voor 1 Maart aan genle. Du Toit te rapporteer hoe sy die vroue in haar gebied aan die werk gesit het met 'n spesiale werk oorspronklik van aard en wat die fondse op 7 Augustus ook sal styf. As voorbeelde noem ons historiese voorstellings, tentoonstellings van oudhede, enigiets wat ook weer later as wenk vir die hele provinsie kan dien. Hoofkmdte. mev. (ds.) Brink het b.v. 'n aantal historiese tonele uitgewerk wat handel oor die tydperk van Slagtersnek tot die koms van die O.B. Offisiere wat hiervan gebruik wil maak vir opvoering, moet met genle. Du Toit in verbinding tree.

3. Dat die artikels wat in die naaldewerkkringe van die vroue-kommando's gedurende Januarie-Augustus 1943 gemaak word, op die gesamentlike funksie van manne en vroue van 7 Augustus opgeveil en verkoop word.

4. Die V.A.R. stel 'n skildery ter beskikking om uitgeloof te word aan die vroue-kommando of vroue van 'n hoofgeneraalskap waar die vroue van die O.B. die grootste dienste aan die O.B.-ideale gelewer het gedurende die tydperk van 8 Augustus 1942 tot 8 Augustus 1943. Tot u vroue kom die oproep andermaal om te werk met die toewyding en geloof in ons saak, waardeur alleen die taak van die Ossewabrandwag volbring sal word. U dade moet wees die spoorslag vir die manne om voort te veg, om alles te waag en alles te offer vir die oorwinning van die Ossewabrandwag wat sal wees 'n oorwinning vir God, Volk en Vaderland.

### GENLE. DU TOIT SE OPROEP

In 'n persoonlike oproep skryf genle. Du Toit, hoof-vroue-offisier in Kaapland, as volg in verband met 8 Aug.:

Die vrou met die hulp van die man in die Ossewabrandwag het gepresteer en hul liefde en geesdrif vir die O.B. bewys deur die groot bedrag van £6390 byeen te bring, merkwaardig veral as in ag geneem word dat vir die Noodhulp 'n byna gelykstaande som ook bygedra is. Ons kan nie op ons louere rus nie. Die Grootraad en veral die A.K.G. van Kaapland glo dat die geestelike en stoflike vooruitgang van die O.B. grootliks van die besieling en ywer van die vrou afhanklik is. Ons moet daardie vertroue waardig bly; dus offisiere, skouer aan die wiel, werk soos nog nooit tevore nie! Onthou die K.G. noem ons O.B.'s „die laaste bolwerk van die Afrikanerdom"; Kommunisme span saam met Smuts om ons te vernietig. U glo saam met my dat die O.B. die enigste organisasie is wat ons volk kan verenig en die verenigde volk tot die oorwinning kan voer. U moet sorg dat die bedrag van 8 Augustus 1943 dié van 8 Augustus 1942 oortref. Ek weet u kan dit doen, want u geloof en liefde vir u volk is so groot dat u die opgelegde taak 'n eer sal beskou en met trou sal volbring. Mag ons steeds onder die diepe besef bly van die waarheid dat

„Die man wat sy deelname weier
Is die man wat sy nasie vermoor."

### NATAL DRA BY

Genl. C. A. Pienaar, waarnemende A.K.G. in Natal, maak die volgende bekend:

Sedert die internering van die A.K.G. van Natal einde Augustus 1942 is Noodhulpfondse aan my oorhandig en aangestuur, d.w.s. vanaf 1 Augustus tot 30 November 1942 ten bedrae van £122-9-4.

Benewens hierdie bedrag eis onderstandsgevalle in sekere dele van Natal onmiddellike optrede en word maandeliks 'n bedrag van ongeveer £54 uitbetaal.

Die syfers weerspieël 'n baie goeie gesindheid in verband met die saak in Natal en sal volgehou word.

### Fauresmith se Ywer

Die vroue-kommando van Fauresmith het met die oog op Kersfees vyftien seunsbroekies, elf hemde, vyf-en-twintig rokkies en vier voorskootjies gemaak vir geskenke aan die kindertjies van geïnterneerdes.

# Ontwikkeling van O.B.-Beleid In Afgelope Jaar Verder Vooruit

**Die O.B. se Beleidsafdeling is inderdaad so besig met positiewe en opbouende werk en vind daarin so 'n inspirasie dat sy lede geen tyd of behoefte het vir bestryding van mede-Afrikaners wat hulle heil nog langs 'n ander weg soek nie. Trouens, die partypolitiek met al sy aankleefsels het vir ons 'n afgedane saak geword, skryf prof. L. J. du Plessis in 'n verslag oor die studielaers se werksaamhede die afgelope jaar, en vervolg:**

Dit kan vir die hele O.B. so wees, as die positiewe opbouwerk deurgaans op die voorgrond gestel kan word. Voorheen kon dit nie in sterke mate gebeur nie, omdat die Dienslaerafdeling, wat die beleid moet versprei, nog nie in volle werking was nie, en ook omdat die Studielaerafdeling, wat die beleid moet uitwerk vir voorlegging aan die Grootraad, nog nie ver gevorder het nie. In albei opsigte het daar nou egter al goeie vordering gekom en die Studielaerafdeling se werk is reeds byna voltooi wat die groot beginsels betref. Wat nou nog oorbly, is hoofsaaklik die uitwerking van besonderhede, wat veilig oorgelaat kan word aan deskundige persone wat daarvoor aangewys sal word.

Die Sentrale of Uniale Studielaer, bestaande uit die hoofde van die klein dosyn verspreide Studielaers, het nou reeds tweemaal vergader om die werksresultate saam te vat, eenmaal in Bloemfontein en eenmaal in Pretoria, en hoop om vereers nog tenminste eenmaal te vergader en wel binnekort te Stellenbosch, wanneer moontlik ook deur lede in die openbaar opgetree sal word.

**Wat veral opvallend was by die werk wat totnogtoe gedoen is, was in die eerste plaas dat die gedagtes en planne wat van verskillende kante bygedra is, almal in hoofsake ooreenstem en vanself inpas in een groot Afrikanerbeleid, en in die tweede plaas dat deurgaans tot die wortel deurgedring word en 'n totale herbou aan die hand gedoen word. M.a.w. die beleid wat ontwikkel word, is eensgesind-Afrikaans en radikaal-Republikeins, tegelyk oud omdat dit die volk se eeuoue verlange beliggaam en ook fonkelnuut omdat dit aan die eise van die tyd beantwoord. Dit is slegs 'n natuurlike gevolg van die feit dat uitgegaan word van 'n volkstandpunt en nie 'n party-standpunt nie en dat gevra word na wat die volksheil vereis en nie na die begeertes van die bonte kiesersmassa nie.**

### VIER HOEKSTENE

Na mate die werk vorm aanneem, blyk dit dat die Christelik-nasionale Republikanisme soos die O.B. dit sien, as 't ware vier hoekstene het, naamlik die volk en die kerk, die huisgesin en die arbeidsverband. Die O.B. is, om dit so uit te druk, geroepe om die Afrikanerdom te organiseer as 'n gekerkte volk wat uit huisgesinne in verskillende arbeidsverbande uitgroei tot 'n veeleenheid vas saamgevat in sy eie vrye volkstaat. En om dan na buite die Afrikaanse volkstaat van die Republiek van Suid-Afrika in te skakel in 'n kontinentale Afrika-beleid in aansluiting by 'n integrale Europa-beleid, ens. Die O.B. self word meer en meer gesien as 'n tweevoudige volksorganisasie (onder die seën van God kerklik gewy), naamlik as 'n gesinsorganisasie vir man, vrou en kind in kommando-verband, en 'n arbeids- of beroeps-organisasie veral vir die man in die beleidsafdeling en die verwagte deurwerking daarvan in die beroepsverband. Die grondleggende gesinsbeleid wat hierby pas, is reeds gepubliseer in „Wapenskou"; binnekort sal waarskynlik ook die arbeidsbeleid bekend gemaak kan word.

Die voorgestelde staatskonstitusie sluit hierby aan en vervang dus die parlementarisme en die partystelsel deur 'n volksverteenwoordiging wat gebou is op die volksorganisasie in gesins- en arbeidsverband volgens die skeppingsbevel aan die mens, nl. eensdeels om vrugbaar te wees en anderdeels om die aarde te onderwerp, wat die Duitsers noem: bloed en bodem.

Origens kan net gemeld word dat die rassebeleid voorsiening maak vir uiteindelike algehele segregasie, m.a.w. 'n blank Suid-Afrika, en die ekonomiese beleid vir algehele opheffing van die armblankedom, vir lonende vastigheid in die boerdery met blywende verwydering van onekonomiese verbandlaste, vir omvattende nywerheidsontwikkeling, ens.

### NIKS ONMOONTLIK

**Die O.B.-beleid beskou niks as onmoontlik wat beliggaam is in die vaste aspirasies van die Afrikanerdom nie, maar besef word dat die verwesenliking daarvan vereis 'n onwrikbare waagmoed, 'n algemene opofferingsgesindheid, die saamvatting van alle volkskragte tot 'n onbreekbare gesagseen-**

(Vervolg in kolom 2.)

(Vervolg van kolom 4.)

**heid en sorgvuldige voorbereiding en ewe sorgvuldige teëweer teen sabotasiepoginge van die vyand. Vir alles word so ver menslik moontlik voorsiening gemaak, maar natuurlik kan alles nie vooraf bekend gemaak word nie.** En selfs wat bekend gemaak kan word, sal tyd vereis.

Een saak wat die besondere aandag geniet van goedgesinde voormanne uit die verskillende Afrikaanse kerke, is die toekomstige verhouding tussen die kerk en die staat, en dis hierby opmerklik dat Art. 36 van ons gemeenskaplike geloofsbelydenis weer sterk op die voorgrond kom, in skerp teëstelling met die onwil waarmee dit in die liberalistiese tyd bejeën is. Hieruit sal o.a. voortvloei dat 'n liberalistiese sendingbeleid in die toekomsstaat nie meer gedoog sal word nie. Maar in die meeste besonderhede word nog die leiding van die kerklike voormanne afgewag.

Mettertyd sal meer meedelinge deur die bevoegde kanale gedoen word. Nou kan nog net ten slotte gesê word dat met die vordering van die beleidsuitwerking **dit altyd duideliker word dat die nodige onmoontlik gedoen sal kan word met die demokratiese metode en die parlementêre masjinerie, hetsy wat die optrede teen die geldmag betref, of tot herreëling van die arbeid of ten opsigte van die rasverhoudinge of enige ingrypende hervorming hoegenaamd.**

VAN VROEG TOT LAAT ALTYD
Patriot TABAK
U BESTE MAAT OP SY POS
VOORRAAD-PRODUK

VAN ZYLS
HOOFSTRAAT PAARL
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
Besoek ons Snyersafdeling
VERSKEIDENHEID
BAAIBROEKE, SOMERPAKKE EN MANSUITRUSTING
GROOT VERSKEIDENHEID RAKETTE IN VOORRAAD
HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE
SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.
OOK OP — — — PORTERVILLE

